

© Die Oratorium Uitgewery

# St. Johannes Nepomuk

## 16 Mei

(c. 1340-1393)

Hierdie geliefde beskermheilige van Boheme (in moderne Tsjeggië) was die wonderkind van sy ouers, wat jarelank sonder sukses probeer het om 'n baba te hê. Hy word priester en aangestel as kapelaan in die koninklike hof. Daar word hy die biegvader van koningin Sofie, vrou van koning Wenzel IV. Die koning was 'n magbeluste dronkaard wat altyd sy gesag wou laat geld. Hy raak in 'n konflik met die aartsbiskop van Praag betrokke en so word sy hofkapelaan, Johannes Nepomuk, ook daarby betrek. Johannes Nepomuk kies die kant van die aartsbiskop en die koning was woedend. Die koning laat hom gevange neem en folter, waarna hy halfdood deur die strate van Praag gesleep is en van die Karelsbrug in die Moldaurivier gegooi is. Gou is hy onder die gewone mense as heilige vereer en sy stoflike oorskot word vandag nog in die St. Vitus katedraal bewaar.